

Sing vooraf: Psalm 146:8 (p. 701)

8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1 (p. 444)

1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 119:63
(p. 599)*

Wet

Psalm 119:63 (p. 599)

63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede, / u gebooi nie vergeet.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 40:6 (p. 206)

6 Ek pleit, o HEER, op u barmhartigheid. / Bly met u liefde en trou om my,
want ramp en onheil is naby / en om my heen. En in my hart is stryd.
Die sonde uit ver verlede / oorval my matte skrede; / my oog het glans nóg gloed.
Hoe groot 's my sondes al! / hoe eind'loos in getal! / In my 's geen krag, geen moed.

Skriflesing: Lukas 17

Teks: Lukas 17:5

**Toe het die apostels aan die Here gesê: Gee ons meer geloof.
(Lukas 17:5 AFR1953)**

Gee ons meer geloof!

- Dit is nie net sommer 'n uitroep nie – dis 'n gebed.
- En ook nie sommer net 'n gebed vir meer geloof sodat ek alleen daarby kan baat nie.
- Hier is dit bepaald 'n gebed vir meer geloof sodat ek beter verhoudinge met my medemens kan handhaaf.

Wanneer ons Nagmaal gaan vier, is een van die dinge waarvoor ons moet sekerheid hê, ons verhouding teenoor andere.

- Nie sonder rede nie, want mense veroorsaak vir mekaar struikeling.
- Soos dit die meeste van die tyd onder Christene gaan, veroorsaak spanning tussen mense ook spanning in hulle geloofs- en kerklike lewe.

In vers 1 stel Jesus dit dat dit onvermydelik is dat daar struikeling kom, maar wee diegene deur wie hulle kom.

- Dit is 'n geweldige eis.
- Geen gelowige mag 'n struikelblok vir ander gelowiges wees nie.
- Die Here sê dat so 'n mens doodgemaak behoort te word – 'n meulsteen moet om sy nek vasgemaak word, en dan moet hy/sy in die see gegooi word.

Is dit nie verskriklike woorde nie? Die Griekse woord vir *struikelblok* is dieselfde as ons woord *skandaal*.

- Daar is dus ook iets in van dat iemand wat ander gelowiges tot struikeling bring 'n geloofskandaal veroorsaak.
- Wat hierdie eis baie moeilik maak, is die feit dat ons almal gebind word deur die sonde – ons almal gee die een of die ander tyd aanstoot aan ons naaste.

In sy preek het ons Here Jesus Christus die kring toe gaan nouer trek.

Daar is nog 'n eis wat hieraan verbind is, wat baie swaarder is as om nie 'n struikelblok te wees nie, en dit is om waarlik vergewensgesind te kan wees.

- Bestraf jou broer, en as hy berou kry, vergewe hom.
- Eintlik is dit baie swaar: As hy sewe maal op 'n dag teen jou sondig en hy kom al sewe maal na jou toe terug en sê dat hy berou het, moet jy hom vergewe.

Dit is asof hierdie ding nie wil pas in ons lewe nie, want ons is vol eise, en almal van ons is altyd reg.

- Dit gaan nie maklik wees om een keer die minste te wees nie, wat dan nog van sewe keer op 'n ry!

Dit gaan oor gesindheid.

- Wat gaan in jou hart aan?
- Hoe voel jy in jou hart teenoor ander mense?

Let wel: Alle skynheiligheid word tot in die wortel uitgesny, want God ken jou hart!

- Daarom voel ons hierdie eis as baie onverbiddelik: Die Here eis van my 'n volkome vergewensgesindheid.
- So volkome dat die saak afgehandel en verby is.

In Matteus 18:22 word hierdie eis baie swaarder gestel as wat dit hier staan, want daar sê die Here: **Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.**

- Die herhaling van die getal sewe dui slegs die volmaaktheid aan waarmee die eis uitgevoer moet word.
- Dit laat ons besef hoe moeilik 'n Christen se geloofslawe is – veral as ons besef dat die eis nie net vir die paar dissipels was nie, maar dat ons almal vandag nog onder dieselfde wet val.

Kom ons toets ons gesindheid: Dikwels vra iemand ons om verskoning. Ons sê ook geredelik dat ons dit aanvaar, maar vir ons vriende vertel ons dat ons nie kan sê wat ons wil van die ander persoon nie, maar dat ons kan dink wat ons wil.

- Hierdie uitvlug is vir die ware Christen afgesny, want juis ons hart en gesindheid – wat ons dink – moet reg wees teenoor die ander persoon.
- Here, gee ons meer geloof sodat ons met die groter geloof ook die donker geboorteplekke van ons gedagtes mag suiwer en heilig!

In 1 Johannes 5:5 staan dit geskryf dat die krag van die gelowige se geloof die wêreld oorwin.

- Ons skrik ongetwyfeld wanneer ons dit hoor, want dit laat mens besef hoe min ons van die geloof ontwikkel het, en inderdaad tans gebruik.
- Daar is 'n rede voor.
 - Om in die krag van die geloof te kan oorwin moet mens jou feitlik van die wêreld kan losmaak.
 - As ons dit nie gedoen nie, is ons baie vasgevang en deels verstrik in die mag van die sonde.
 - Baie van ons se hele lewe bestaan feitlik uit 'n regverdiging van ons sondes sodat dit ons gerief in hierdie materiële wêreld verseker.
 - Ons is dikwels so ingestel op geld, gerief en eie regte dat daar bitter min geesteliks of geloof in ons is.

Hierdie aangehaalde gedeelte uit Johannes veronderstel dat ons nie net geloof moet ontvang nie.

- Daar moet nie net 'n inwerking in ons in wees nie.
- Daar moet ook 'n baie sterk uitlewing uit ons uit wees.
- Die gevolg van ons geloof moet uit ons uitstraal en moet dan die wêreld oorwin.

Dit is nie 'n saak van onmoontlikheid nie, want ons onthou mos dat die Here Jesus gesê het dat ons 'n moerbeiboom in die see kan gooi as ons net die geloof van 'n mosterdsaad in ons het. Op 'n ander plek het Hy dieselfde gesê van 'n berg.

- Die dinge is dus moontlik, maar dit vereis baie energie.
- Ons sal baie oefening en konsentrasie en eerlikheid moet insit voordat ons sodanige punt kan bereik.
- Nie een van ons het dit nie.

Daarom was die dissipels so verslae dat hulle pleitend uitgeroep het dat die Here hulle tog meer geloof moet gee.

Daarna maak die Here Jesus 'n baie praktiese toepassing van 'n gelowigesaaamleef-verhouding.

- Hy vertel van die dienskneg wat nie veel vir sy medemens – sy heer – oorhet nie.
- Sy baas het net so min genade vir die dienskneg oor, want nadat hy die hele dag lank klaar geploeg en vee opgepas het, moet hy in die aand by die huis verder werk.
- Hy kry nie eers 'n dankie vir sy werk nie.

Die kneg is 'n mens wat ook maar nie beter is nie, want hy doen niks spontaan vir sy heer nie.

- Hy werk net uit koue pligsbesef.
- Daarom sê die Here Jesus Christus dat ons soos daardie dienskneg is – onverdienslik, want ons doen net wat ons verplig is om te doen.

Ons moet die dinge op onself toepas voordat ons Nagmaal gebruik.

- Ons moet kom met die gebed by die punt dat die Here ons ons sondes sal vergewe.
- Ons moet ook kom met die gebed dat die Here ons nog meer geloof sal gee.
 - Here gee my meer kinderlike geloof sodat ek weer my medemense kan vertrou en waardeer.

- Gee my die oortuiging dat ek maar sewe-en-sewentig maal sewe keer op een dag kan vergewe – al is ek ook reg.
- Gee my die geloof dat ek selfs 'n berg in die see kan gooi as ek dit moet doen om U te verheerlik.

Met meer geloof sal ons die rykdom van die lewe beseef! Soms lewe ons maar elke dag net om.

- Die heerlikheid van God wat in die skoonheid van die nag oor ons verbyskuif, sien ons nie.
- Die Here se almag wat die son helder oor ons lewe laat breek, vertel ons niks meer van geloof en liefde vir God en medemens nie.

Ons Here Jesus het ons juis verlos van die soort lewe waarin ons vasgevang sit:

- Ons gebruik die nag om te rus om môre weer te kan werk vir geld.
- Die lig gebruik ons vir ons eie lewe, en my naaste is lankal nie meer 'n deel van die prag van God se skepping nie.
- Die Here Jesus Christus skenk dan juis aan ons die verblydende belewens terug dat ons wat hier langs mekaar is saam aan hierdie God van heerlikheid behoort.

U sien, die geloof laat ons dinge heelwat anders sien as waaraan ons gewoon geraak het in hierdie wêreld van sondes en ellendes.

- Die Heilige Gees vertel ons oomblik na oomblik dat ons in die Here Drie-Enig moet glo, want Hy het juis al gesterf om hierdie verbreekte verhoudinge tussen ons en ons naaste, en ons en God en ons en die skepping te herstel.
- Hy leer ons om gelowig onself laag te skat sodat ons maklik die eis om ons skuldenaars te vergewe kan nakom.
- Hy leer ons om met 'n groeiende geloof ons aanbidding te vervolmaak.

Ons behoort eintlik te beseef dat ons baie moet bid vir meer geloof, want ons geloof gaan elke dag aan groter eise onderwerp word.

- Sonder geloof sal die onverstaanbaarheid van die hele lewe ondraaglik word.
- Sonder geloof kan ons geen ander mens se dwalinge en sondes verstaan nie.
- Sonder geloof kan ons ook geen ander mens van harte sy sondes vergewe nie.

Alleen binne die raamwerk van die geloof sal ons kan sien en verstaan dat ons al hierdie dinge by die Here Jesus gekry het en dat ons dit moet nakom omdat ons baie erger as skuldenaars teenoor Hom gestaan het.

Slegs 'n ware geloof sal maak dat ons in hierdie wêreld van politieke en kulturele chaos nie ons medegelowiges verloor nie, maar behou.

- Ons het mekaar nodig soos nooit van die skepping af nie, en hierdie beseef kan alleen uit die geloof gebore word.
- Ons is nou die afhanklikste ooit van God – en net die geloof kan ons almal deur alle verskeurdheid heen steeds aan God bly verbind.

Die belangrikste is dat alleen die geloof die regte deure vir ons toekoms sal oopmaak.

- Want geloof is bevrydend – enersyds. Dit maak ons los van die beklemminge en spanninge van die sonde en alles wat dit al veroorsaak het.
- Andersyds is geloof veeleisend. Dit vra elke oomblik die laaste druppel van jou krag, naamlik jou insig, deurstellingsvermoë, selfs vernedering en aanbidding.

Geliefdes, ons moet vra vir meer geloof sodat:

- ons aanbidding van God daaglik moet verbeter;
- ons naaste-verhouding daaglik moet verbeter; en
- ons self daaglik moet verbeter.

Dit kan net gebeur wanneer ons kennis en vertroue in God vermeerder.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 149:1 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum : 17 Februarie 2008 (oggend)